Kaleidoskoop

DOELGERIGTE BETEKENISVOLLE LEWE

KALEIDOSKOOP INSIG

NO 2 2007

Hou ons pos dop wat in die nuwe semester stig ons 'n "childproof" selgroep asook 'n groep by die Protea Hotel vir dié wat nog nie hulself permanent verbind het aan 'n ander mens nie.

Gee

Die ouderlinge wat as TRUSTEES die gemeente se finansies bestuur, het vir ons 'n finansiële doelwit gestel wat ons teen Desember 2007 wil bereik. Ons is dankbaar vir die finansiële doelwitte wat ons reeds bereik het. Soos wat die gemeente se bediening en hulp-aksies groei, so groei ons begroting elke maand.

Dankie vir almal wat saam met ons groei in hierdie proses.

Ander

Fresh Lemon Media het vir Kaleidoskoop 'n nuwe webblad gebou – dankie! Hierdie webblad is 'n bron van inligting en het interaktiewe forums waar jy kan deelneem, vrae vra en saamgesels oor relevante sake. Kyk gerus na :

www.kaleidoskoop.co.za

Bly skyn van Sy Lig.

Kola de Klerk

Leierleraar

kaleidoskoop

Ons Gemeenskap

Ek lees in 'n 4x4 tydskrif van mense wat 'n wonderwerk beleef het. Nadat hulle al telke male in Namibië die droë woestynsand jaar na jaar beleef het was hulle oortuig dat daar niks kan groei nie. Groot was hulle verwondering toe hulle na 'n rare reënbui by Sossusvlei kom en gras sien groei. Die saad het glo al die jare morsdood gelê en wag.

Saad is beslis die mees fenominale objek in die skepping. Uit 'n skynbaar dooie voorwerp kan 'n leeftyd en 'n toekoms met onberekenbare gevolge kom.

Kaleidoskoop beskou ons **Judea Kerkplantingsaksie** as ons saad in die wêreld van potensiaal. William Stander van Hornlee het Sondag, 10 Junie, tent nommer 9 in ontvangs geneem by 'n Kaleidoskoop byeenkoms. Dankie aan u wat finansieel bygedra het om hierdie gemeente te help om uit hul omstandighede te groei.

Kaleidoskoop begin ook hande uitsteek na die **Ukraine** ('n vorige kommunistiese Vasalstaat) en die nuutgevonde gemeentes daar. Ons sal eersdaags 'n toer daarheen onderneem. As jy belangstel om meer te weet, kontak vir Kola. Spaar solank jou geldjies, want ons sal volgende jaar 'n korttermyn-uitreikbesoek daar bring.

Gerhard Dreyer is die kontakperson vir 'n **gholfklub vir mense wat glo**. As jy graag saam met ander ouens wat dieselfde glo wil speel, kontak Gerhard.



Gehoor

Kerk moet altyd **'n feesgeleentheid** wees. 'n Oomblik van stilstand, 'n belewenis van God. Elke Sondag as ek sien mense kom pak stoele, maak dekor en doen moeite met ons "journey"-materiaal, dan weet ek dit is mense wat ons visie verstaan. Ek word diep geraak as ek sien hoe individue moeite doen om te sorg dat **kerk die hoogtepunt** van die week vir ander sal wees.

Amity (Jeug) vergader nou elke Sondagaand om 19h00 by Gino's Bristo in Woodmill Lane. Die aanbieding is lig en vars, met 'n moderne nie-kerklike gevoel waarby selfs die mees moderne mens aanklank sal vind. Die aanbieding is slegs vir jongmense en tieners. Weens beperkte toesig kan ons ongelukkig nie laerskoolkinders toelaat nie.

Gemeente

Soms het mens daardie behoefte om **nog een vlak dieper** te gaan en God op 'n nuwe vlak te ken. As musiek die medium is wat jou laat stilword om God te beleef, moet jy oorweeg om die "Nog Nader" aanbiddingsgeleenthede op Woensdagaande mee te maak. Op 27 Junie en 1 Augustus sal ons weer so maak. 'n Uur van stilword en kommunikasie met God.

In ons gemeentebouproses is ons nou by die plek waar ons die graad 6 en 7 kinders se bediening verder kan uitbrei. Die groep sal bekend staan as "**Flipside".** Elke Vrydagaand vanaf 18h00 by die ontspanningsaal van die YFC kantore (oorkant die stadsaal), sal daar 'n ontspanningsprogram aangebied word waar hulle sal leer om met God en andere 'n verhouding te bou.

Kaleidoskoop Kaleidoskoop

Promiseland Kinderkerk bly groei in getalle. Ons werk hard om by te bly met fasiliteite en onderwysers. As jy 'n kind hier het, gaan vra daar en hoe jy kan help.

Hierdie maand neem ons afskeid van **Tommie en Cisca Bell** en gesin. Julle sal altyd 'n deel van ons bly, maar ons wens julle seën toe in jul nuwe tuiste in Oudshoorn. Dankie vir wat julle vir ons in die gemeente planting beteken het.

As jy 'n man is en voel jy het nodig om jou interne mens te versterk, oorweeg om 6 – 10 Augustus die mannetoer na die Transkei-kus mee te maak. Daar is 'n lewensgroei en erkenning uit skouerskuur saam met ander manne, wat nie vervangbaar is nie. Op die agenda is rus, speel, stilword, visvang, 4x4 en die see met alles wat daarmee saamgaan.



Groepe

Jesus het 'n boodskap van **hoop en lewe** gepreek. Hoop dat 'n mens God kan ken en 'n lewe van liefde en betekenis kan leef. Sy boodskap het nooit veroordeling ingehou of was afbrekend gewees nie. By ons selgroepe probeer ons hierdie kultuur van genade uitleef.

'n Selgroep help jou om jou naaste-familie uit te bou. Meeste van ons het nodig om van tyd tot tyd ons gedagtes oor geestelike ervaringe teenoor iemand anders te toets. 'n Selgroep is 'n ideale medium om hierdie doelwitte te bereik.

www.kaleidoskoop.co.za

info@kaleidoskoop.co.za

044 382 1465

Posbus 3328 KNYSNA 6570

Sondag-byeenkomste

9:30 vm - Ashmead konfernsie sentrum

19:00 Aand byeenkoms by Ginos Bistro in Woodmill Lane

Selgroepe

Green Pastures: Francois en Marissa vd Merwe 0722111209

Vroue selgroep : Suzette Coetzee 0839815023

Manne selgroep: Michiel Coetzee 0836339804

Pieter en Inge Reynecke 0833700563

Leisure Isle: Philip en Elize Schröder 082570 5470

Kaleidoskoop Kaleidoskoop